## 91 Ek die Heer van see en lug

Ek die Heer van see en lug
het gehoor my mense sug,
vasgevang in duisternis; Ek sal hul red.
Ek, die Skepper van die ruim,
Ek sal weer die lig laat syn.
Waar's draer van my lig,
wie sal Ek stuur?

***R.*** *Hier is ek, Heer, stuur vir my, Heer;*
*want U roep my uit die duisternis.*
*Ek sal gaan Heer, lei my weg, Heer;*
*al u mense dra ek in my hart.*

Ek, die Heer van sneeu en reën
het gehoor my mense ween.
Daarom bloei my hart vir hul;
hul bly net kil.
Harde harte sal Ek breek,
en dit in my liefde week,
en my Woord sal weer seëvier;
wie sal Ek stuur? ***R.***

Ek, die Heer van wind en sand,
Ek sal omgee vir jou land,
en 'n fees vir jou berei; Ek sal jou lei.
Rykste kosse sit Ek voor
om jul harte te bekoor;
Ek sal jul my lewe gee;
wie sal Ek stuur? ***R.***

Daniel L Schutte (1947 - )